TBAK

tygerbergers vir die behoud
van afrikaans in die klaskamer

10 September 2009

re: Befondsing van TBAK-bekendstellingsfunksie

Vir wie dit mag aangaan

TBAK beoog om binne die volgende ruk amptelik onsself aan die wêreld bekend te stel! Ná bykans ses maande se gesukkel, se lippediens, se sloerwerk en burokrasie, is TBAK nou in die laaste dae voordat ons amptelik onsself kan begin bemark.

Ons grondwet is deur die Studentehof goedgekeur (en op aanvraag beskikbaar!), ons is amptelik (op hoofkampus) as studentevereniging geregistreer. Ook 'n kostepunt is vir ons geskep.

Nou kan ons begin.

Omdat die taaldebat 'n saak van nasionale aandag is, wil TBAK soveel moontlik media-aandag as moontlik op homself vestig. Vir ons om dit reg te kry, het TBAK 'n bekendstellingsfunksie (eerder bekendstellingsgebeurtenis!) wat mense lank gaan bybly in gedagte. Die funksie behoort ons ongelukkig egter 'n paar rand uit die sak te jag – geld wat ons nie (tans) het nie.

Ons heg 'n voorlopige konsepvoorstel, sowel as 'n growwe kosteskatting aan (sien ook bladsy vier vir 'n kort uiteensetting van ons organisasie se doelwitte indien u meer inligting benodig, of net weer 'n slag herinner wil word!).

Ons hoop om so gou as moontlik van u te hoor. Dankie vir u ondersteuning van hierdie belangrike saak.

TBAK-groete,

Jasper van Zyl
Voorsitter
✉ 15061833@sun.ac.za
☎ 072 087 1010

Calvino Watt
Ondervoorsitter
✉ 14803186@sun.ac.za
☎ 082 302 9925

TBAK: kostevooruitskatting vir bekendstellingsfunksie

Vir ons bekendstellingsfunksie beoog TBAK om 500 ballonne, in die kleure van ons nasionale vlag, gelyktydig die lug in te stuur. Aan elkeen van hierdie ballonne sal ons 'n klein kaartjie heg met 'n Afrikaans mediese vakwoord vooraan en TBAK se kenteken agterop, sodat enigeen wat die kaartjie optel kan weet: TBAK het dit gedoen!

Natuurlik sal mediaverteenwoordigers van die groot Afrikaanse én Engelse koerante, sowel as ons plaaslike koerante (soos DieMatie en die Eikestadnuus, die TygerBurger ens.), die SAUK-nuus, internetmedia en ander belangegroepe en belangstellendes genooi word.

Ons sal 'n klein verhogie op die Hippokrates-grasperk, 'n sentrale kampusarea, opslaan en ons voorsitter sal 'n paar woorde spreek. 'n Memorandum, waarin TBAK se griewe duidelik uiteengesit word en waarvan 'n kopie ook aan die media verskaf sal word, sal aan 'n fakulteitsverteenwoordiger oorhandig word. Hierna sal die ballonne die lug ingestuur word. 'n Persverklaring sal ook uitgereik word en die voorsitter en ondervoorsitter sal dan enige vrae van die media beantwoord. Studente sal die geleentheid kry om by TBAK aan te sluit.

Afrox, die nasionale gasverskaffer, het reeds aangedui dat TBAK 'n groot heliumgashouer, wat sowat 600 ballonne kan vul, teen sowat R1000 sal kan bekom. Die ballonne kan ons teen sowat 80c elk verkry.

TBAK wil egter ook graag twee oprolbaniere, wat ons ook in die toekoms by enige geleenthede wil gebruik, aanskaf. Hierdie baniere beloop plusminus R1300 elk, wat die druk daarvan insluit.

Diverse uitgawes, soos die druk van die kaartjies, tou vir die vasmaak van die ballonne, die huur van die klanktoerusting en ander diverse uitgawes wat mag opduik, word ook by hierdie skatting ingereken.

Uitgawes:

Ballonne (500 x 80c)	R	400	
Heliumgashouer, gehuur		1000	
Oprolbaniere x 2		2600	(herbruikbare produk)
Diverse uitgawes		200	
TOTAAL	R	4200	

T B A K

ons rook die afrikaans uit

TBAK is nie die soort organisasie wat sokkies reël en boereworsbraaidae hou nie. TBAK klim nie berge oor naweke nie. TBAK is daar vir ons vaktaal.

Die Afrikaanse vaktaal is een van ons land se grootste intellektuele bates. Daar bestaan geen ander taal, buiten vir tale uit Europa en Asië, wat kan chemie, kuns, politiek, landbou, fisika, wiskunde, ingenieurswese, rekeningkunde, regte, teologie en medisyne praat nie. Daar bestaan nie só 'n taal in Noord- of Suid-Amerika nie. Ook nie in Oseanië nie. Tensy mens Arabies as 'n Afrika-taal ag, bestaan daar ook nie nog só 'n taal op ons vasteland nie.

TBAK is spesifiek gestig om ons mediese vaktaal te beskerm en te ontwikkel. Met die identifisering van 'n wye verskeidenheid kort-, mid- en langtermynprojekte vir Afrikaans as mediese taal, glo TBAK dat ons 'n enorme slag kan slaan, nie net vir medisynetaal nie, maar vir alle Afrikaanse vaktale.

TBAK kan egter nie sy doelwitte nastreef sonder die finansiële ondersteuning van die Afrikaanse en mediese gemeenskappe nie. Die bekendstelling waaroor hierdie dokument handel is net die begin: TBAK glo dat, deur onsself met 'n slag bekend te stel en onsself van 'n goeie donateurskorps te voorsien, ons die getalle studente sal kan lok waarvan die meeste studenteverenigings maar net kan droom!

Dan begin die régte werk. TBAK se korttermyndoelstelling is om die Fakulteit Gesondheidswetenskappe te laat herbesin oor die huidige taalbeleid wat hier op Tygerberg geld en aan te dring op 'n nuwe beleid, wat op taal*ondersteuning* en taal*ontwikkeling* berus, eerder as op die stelselmatige opsyskuiwing van Afrikaans. Om hierdie rede het TBAK homself op só 'n manier geposisioneer dat 'n bestuursverteenwoordiger op die Tygerbergse Akademiese Belangeraad gekoöpteer is.

Die vertaling van klasnotas, PowerPoint-lesings ensovoorts sluit natuurlik hierby aan en vorm deel van ons korttermyndoelwitte. Tesame daarmee, wil TBAK eis dat die Universiteit van Stellenbosch geld bewillig vir die verdere ontwikkeling van die Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme, waarvoor die befondsing oor die afgelope paar jaar opgedroog het.

TBAK het verskeie mid- en langtermynprojekte in die pyplyn: die versameling en bewaring van Afrikaanse mediese literatuur, die publikasie van nuwe Afrikaanse mediese handboeke en baie meer.

Ons hoop dat dit vir u of u organisasie moontlik sal wees om 'n paar rand uit u beursie te haal vir hierdie goeie doel. Kontak ons gerus indien daar enige vrae opduik.

Vriendelike groete,

Tygerbergers vir die Behoud van Afrikaans in die Klaskamer (TBAK)

Bankbesonderhede

Universiteit van Stellenbosch

Standard Bank
Taknr.: 050610
Rekeningnr.: 073 006 955

Verwysing: SV161

NB: vir TBAK om geld vanuit ons kostepunt te verkry, is dit vir ons nodig om 'n elektroniese bewys van die inbetaling na ons verwysingsnommer (SV161) te verkry. Stuur asseblief hierdie bewys ook vir ons by die e-posadres 15061833@sun.ac.za